



Jesus was 'n Leermeester

Jesus het gekom om ons Saligmaker te wees. Maar Hy het ook gekom om ons *Leermeester*, of *onderwyser*, te wees.

Jesus het die mense nie in 'n skool geleer nie, maar buite in die veld. Partykeer het Hy teen 'n heuwel op die groen gras gaan sit en die mense rondom Hom geleer. Soms het Hy in 'n bootjie op die meer gesit, terwyl die mense op die strand na Hom staan en luister. Ander kere het Hy by die ingang van die Tempel gestaan en met die mense gepraat wat daar kom aanbid. Baie keer het die mense na Hom gekom soos Hy deur die strate of deur die velde stap, dan het Hy so in die stap met hulle gepraat.

Jesus het nie vir die mense geleer hoe om te lees of te skryf nie. Hy het hulle iets geleer wat baie meer belangrik was – die belangrikste ding in die hele wêreld – *om God te ken*. Hy het mense vertel van God se liefde. Hy het hulle gehelp om raak te sien watter aaklige sondes daar diep in ons hart is. Hy het hulle vertel dat Hy gekom het om vir ons sondes te sterwe, sodat ons God se kinders kan wees. Hy het hulle vertel van die straf wat oor almal gaan kom, wat nie na God luister nie. En Hy het hulle vertel dat God 'n nuwe aarde gaan maak, wat sonder *enige* sonde gaan wees.

Die mense het so daarvan gehou om na Jesus te luister. Hulle het Hom gevolg, oral waar Hy gaan. Somtyds het *duisende* mense rondom

Hom op 'n heuwel gesit en luister as Hy vir hulle oor die Koninkryk van die Hemele vertel.

Die jong kinders het ook graag na Hom geluister. Partykeer het Hy hulle op sy skoot getel en hulle omhels. Hy het hulle so liefgehad.

Veral die armes, siekes en alleenmense, maar ook dié wat geweet het hoe sondig hulle was, het graag na Hom geluister. Hulle het gedink daar is *niemand* wat van hulle hou nie; maar hulle het agtergekom dat *Jesus* hulle wel liefhet. Jesus het vir hulle gesê om hulle te bekeer, en nie meer te sondig nie. En omdat hulle gesien het dat Jesus hulle liefhet, was daar baie van hulle wat *nie meer sonde wou doen nie*.

Wil jy ook graag hê dat Jesus jou Leermeester moet wees? Hy is jou Leermeester as jy sy Woorde in die Bybel lees. Hy leer jou ook as jy kerk toe gaan, en as die dominee God se Woord vir jou bring – God se wonderlike Woord.

Petrus was een van Jesus se dissipels. Hy het elke dag saam met Jesus gestap en na Hom geluister. Hy het geweet dat daar nêrens so 'n wonderlike Meester as die Here Jesus was nie.

Eendag het Petrus vir Jesus gesê:

'Here... U het die woorde van die ewige lewe' (Johannes 6:68).

Gesels hieroor:

1. Waar was Jesus se skool?
2. Waarvan het Hy die mense geleer?
3. Waarom was Hy die wonderlikste van alle leermeesters?

Wat ons kan lees:

Matteus 5:1-8

'n Lied om te sing:

Leer my, HERE, om te luister
Na u Woord, en wat U sê,
Leer my dan om so te lewe
Soos wat u dit graag wil hê.
Leer my ook om steeds gehoorsaam
In u voetspore te gaan
Want U Woorde is die Lewe
En sal altyd vas bly staan.

'n Gebed:

Onse Vader in die hemel, ons wil U dank dat U die Here Jesus gestuur het om ons Leermeester te wees, wat ons die woorde van die ewige lewe wil leer. Help ons asseblief om te luister as ons Sy Woorde hoor, en om daardie Woord te onthou en in ons harte te bêre, sodat ons nie teen U sal sondig nie. Amen.

Marian Schoolland

© 2019
www.christelikedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*